

**Bekendstelling van die Universiteit Stellenbosch se HOOP Projek aan alumni,
Durban, 2010-11-13: Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier**

Goeienaand, dames en here. *Thanks for coming – your continued interest in your alma mater means a lot to us.*

Also here with us tonight is Ms Bev Witten, our Director of Alumni Relations. She will be implementing strategies to build strong relationships between the University and its alumni. She used to be with Harvard, an institution that has a good success record in this regard.

We are here to talk about Stellenbosch University's HOPE Project. The video we have just seen, provided some background, and I am going to emphasise a few things.

WAT IS DIE HOOP PROJEK NOU EINTLIK?

Die HOOP Projek is die Universiteit Stellenbosch se nuwe ontwikkelingsveldtog, of soos hoër onderwys-instellings in die Engelstalige wêreld dit noem, ons “advancement campaign”.

The best universities worldwide all have a well thought out strategy to get their positioning just right and to ensure their long-term sustainability. Now, the HOPE Project is our strategic plan, and it is rather unique, as I will become clear as I go on.

Die HOOP Projek verpak die Universiteit se sterkpunte op 'n manier wat enersyds sin maak in die lig van ons konteks in ons omgewing en tydvak; en andersyds van ons 'n aantreklike proposisie maak vir mense en instellings wat deel wil wees van 'n wenspan met impak in die 21ste eeu.

Why do I say the HOPE Project makes sense? And why does it make an attractive proposition of us?

Kom ons kyk eers na hoekom dit sin maak. Die amptelike “bestaansdoel” van die Universiteit – en ek haal aan uit ons *Strategiese Plan vir die Eeuwisseling en Daarna*, wat in die jaar 2000 deur die Raad aanvaar is – is “om in verbondenheid aan die universitaire ideaal van uitmuntende wetenskapsbeoefening 'n omgewing te skep en vol te hou waarbinne kennis ontdek kan word, gedeel kan word, en tot voordeel van die gemeenskap aangewend kan word” (US, 2000).

Kortom, dit stel Maties in staat om tot diens van die samelewing te wees deur ernstige probleme rondom ons met behulp van ons kundigheid te takel. Ons vyf ontwikkelingstemas is die uitwissing van armoede en verwante toestande, en die bevordering van menswaardigheid en gesondheid, demokrasie en menseregte, vrede en veiligheid, asook 'n volhoubare omgewing en 'n mededingende nywerheid. En ons 22 akademiese inisiatiewe gee praktiese inhoud aan hierdie temas vir die samelewing.

Maar die HOOP Projek het ook 'n interne fokus; dit skep ook hoop vir die Universiteit self. Dit stel ons in staat om die beste universiteit moontlik vir 'n nuwe geslag studente, dosente en navorsers te wees.

By doing these two things – generating hope for society and for the University, we become an attractive proposition for the many people out there who – in this day and age – want to help make the world a better place. With the HOPE Project Stellenbosch University can say with pride, “Look, here we are, come and scrutinise us and see that we are making a difference ... and then join our efforts.”

En ons doen dit nie deur 'n vreemde koers in te slaan nie. Dis nie asof ons skielik 'n welsynsorganisasie of 'n NGO geword nie. Ons fokus huis op dít waarvoor Stellenbosch nog altyd bekend was – sy akademiese uitnemendheid en sy toonaangewende navorsing – met die klem op relevansie.

Die afgelope vier maande het ons die HOOP Projek by verskeie geleenthede in ons land en oorsee aan duisende alumni en vriende van die Universiteit bekendgestel. Ons het begin in Stellenbosch op 21 Julie. Amptelike bekendstellingsgeleenthede het daarna gevolg in Johannesburg, Port Elizabeth, Windhoek, Berlyn, Londen en Amsterdam, en oral het alumni in groot getalle opgedaag en hul steun aan die Universiteit se planne toegesê (US, 2010a). Vandaag is dit Durban se beurt.

Die belangstelling wat die HOOP Projek gaande gemaak het, het tot 'n vloedgolf positiewe beriggewing oor die Universiteit gelei, waarvan baie mense in Suid-Afrika en die buiteland kennis geneem het. Een van ons inisiatiewe wat die verbeelding aangegrep het, is die Universiteit Stellenbosch Waterinstituut se "teesakkie"-waterfiltertjie (Duvenage, 2010).

STELLENBOSCH UNIVERSITY WATER INSTITUTE

As you have no doubt seen in the news, Stellenbosch University scientists have developed a high-tech “tea bag” filter that fits into the neck of a water bottle and delivers clean water as you drink from it.

The inside of the tea bag material is coated with a thin film of biocides encapsulated within minute nanofibres, which kills all disease-causing microbes. The bag is filled not with tea leaves but with active carbon granules that remove all harmful chemicals.

Each “tea bag” filter can clean one litre of the most polluted water to the point where it is 100% safe to drink. Once used, the bag is thrown away, and a new one is inserted into the bottle neck.

The “tea bag” filter promises to provide easy access to clean drinking water for vulnerable communities, for instance those living near polluted water streams.

MEER INLIGTING

Daar is so baie opwindende inisiatiewe dat ek maklik tot moreoggend kan praat. U kan meer oor al ons inisiatiewe in die literatuur lees wat vanaand hier beskikbaar is. Besoek ook gerus die webblad, www.diehoopprojek.co.za vir volledige inligting.

RAAK BETROKKE

Die afgelope drie jaar – in die stille fase van die HOOP Projek – het 4 500 individue, maatskappye, filantropiese instellings en ander organisasies in Suid-Afrika en die

buiteland reeds sowat R500 miljoen aan die US geskenk sodat ons hierdie belangrike taak waarmee ons besig is, kan volvoer.

Toegee, dis 'n pot geld. Maar dis minder as een derde van wat Stellenbosch nodig het om sy posisie te handhaaf as een van die beste universiteite op ons vasteland. As deel van die HOOP Projek het ons die grootse fondswerwingsveldtog nóg deur 'n Afrika-universiteit van stapel gestuur. Ons doelwit is om die volgende vyf jaar R1,75 miljard in te samel.

Dit klink, weereens, na 'n groot bedrag, maar dis wêreldwyd 'n tendens dat universiteite toenemend op eksterne steun moet staatmaak namate staatsubsidies krimp en die eise van toegang en uitnemendheid groei.

Deel van ons strategie is om die hoeveelheid alumni wat gidelik terugploeg in hul alma mater op te stoot van die huidige 2% na 10%. Stellenbosch is in die bevoorregte posisie dat hy 'n sterk korps alumni het. Die gesegde lui mos, "Eenmaal 'n Matie, altyd 'n Matie". Ons oudstudente is trots op hul assosiasie met die Universiteit.

En ons boodskap aan hulle – en dus aan julle – is dat dit veral in vandag se mededingende beroepswêreld vir alumni van groot belang is om in die voortgesette sukses van hul alma mater te belê. Sodoende kan hulle verseker dat die kwalifikasies wat hulle hier verwerf het, en wat op hul CV's pryk, so gesog moontlik bly.

Volledige inligting oor hoe om betrokke te raak, is in die HOOP Projek-boekies beskikbaar. Julle kan dit ook met die alumni-kantoor bespreek; gesels gerus met Bev.

CONCLUSION

Ladies and gentlemen, I have shown that an investment in education is an investment in a better life. Higher education, in particular, unlocks and imparts reliable knowledge, which can be used to change the world for the better. And it produces professionals in a variety of fields, equipping them with the necessary skills to fulfil leadership roles in society and drive the economic growth required for improving people's lives.

Die Universiteit Stellenbosch se HOOP Projek is nommerpas vir die uitdagings van ons tydvak. Dit stel ons in staat om ons vernaamste sterkpunte in te span om van ons streek en vasteland se grootste probleme aan te pak.

The HOPE Project is the right thing to do. Now is the right time for hope. Future generations deserve nothing less.

Baie dankie.